higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 3

(5030083)

27 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

368Q1N2327

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Moontlike gevolg van die gebruik van alkohol tydens swangerskap:

A Neonatale alkoholsintese
B Fetale alkoholsindroom
C Fetale alkoholsintese
D Neonatale alkoholsindroom

1.2 'n Teken van 'n ongesonde kind:

A Pienk tandvleis
B Bleek vel
C Sterk beendere
D Blink hare

1.3 'n Opgeleide persoon wat met gesinne werk en ondersteuning bied:

A Polisiebeampte
B Oogarts
C Maatskaplike werker
D Spiritistiese medium

1.4 Die geloof waarin die profeet Mohammed genoem word:

A Judaïsme
B Christendom
C Islam
D Hindoeïsme

1.5 Die tegniek wat gebruik word wanneer die hart ophou klop:

A Kardiopulmonêre resepsie
B Kardiopulmonêre resussitasie
C Kardiopulmonêre regressie
D Kardiopulmonêre resitasie

1.6 'n Minderjarige verwys na 'n kind onder die ouderdom van … jaar.

A 16
B 13
C 18
D 21

1.7 ’n Instrument wat gebruik word om splinters uit die vel te haal:

A Haartangetjie
B Pleister
C Tang
D Naelvyl

1.8 Graankos en groente kan geleidelik vanaf … maande vir ’n baba gevoer word.

A 2
B 6
C 12
D 4

1.9 Ouers wat wettiglik na kinders omsien, al is hulle nie die kinders se biologiese ouers nie:

A Enkelouers
B Minderjarige ouers
C Ouers van dieselfde geslag
D Pleegouers

1.10 Volgens die minimum standaarde moet ’n vroeëkinderontwikkelingsentrum (VKO-sentrum) een toilet vir elke … kinders in die sentrum hê.

A 5
B 10
C 20
D 30

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Die meeste speelgoed wat geskik is vir kleuters, is ook geskik vir babas.

2.2 Childline bied ’n 24 uur-antwoorddiens vir risikokinders.

2.3 Stereotipering beteken om onregverdig te glo dat mense of dinge met ’n spesifieke eienskap dieselfde is.

2.4 Resussitasie beteken om iemand wat bewusteloos is by te bring.

2.5 Inklusiwiteit is sedert 1984 ’n aktiewe beleid van die Ministerie van Onderwys.

2.6 Talle maatskappye bied vaderskapsverlof, waarvolgens die pa tyd kan deurbring om ’n band met sy pasgebore baba te vorm.

Kopiereg voorbehou

2.7 Werkloosheid belemmer die versorging en welsyn van jong kinders.

2.8 Kinkhoes is ’n hoogs aansteeklike bakteriese infeksie.

2.9 Begaafdheid word nie as ’n spesiale behoefte beskou nie.

2.10 ’n Dagmoeder mag agt kinders in haar sorg hê voordat sy vir formele registrasie hoef aansoek te doen.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Gevolg van ’n gebrek aan yster in die liggaam	A	verliesberading
3.2	Aanvaarde reëls wat gevolg word vir die hantering van liggaamsvloeistowwe wat oordrag van infeksie sal verhoed	B	melk en melkprodukte
3.3	Persoonlike higiëne	C	immunisering
3.4	’n Afkeur in of vooroordeel teenoor mense van ander lande	D	was altyd jou hande nadat jy die toilet gebruik het
3.5	Versorgers benodig hierdie spesifieke opleiding as hulle met kinders met MIV en vigs werk	E	geloof
3.6	’n Virusinfeksie van die lewer	F	anemie
3.7	’n Belangrike bron van kalsium	G	Hepatitis B
3.8	’n Voorbeeld van ’n gevaarlike voorwerp	H	wind uitvryf
3.9	Hanteer die registrasie van crèches	I	vuurhoutjies
3.10	Om ’n baba regop te hou en sy/haar rug te vryf	J	Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
		K	xenofobie
		L	universele voorsorgmaatreëls
		M	Departement van Gesondheid

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 4

Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf slegs die term langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

versmoring; kolostrum; kultuur; bruidskat; skabies; ragitis; Childline; etiek; ontkieming; veganisme; skeurbuik; lobola; disfunksionele; pampoentjies; noodprosedures

4.1 Die tydperk van wanneer 'n siekte in die liggaam plaasvind totdat simptome verdwyn

4.2 … word deur elke opeenvolgende generasie geleer en is gemeenskaplik in 'n groep of nasie.

4.3 Deur die toekomstige vrou se ouers betaal wanneer hul dogter trou

4.4 Die eerste kos wat die baba van die bors kry en bevat baie proteïen en teenliggaampies teen siektes

4.5 'n Plan wat gevolg moet word in geval van 'n brand of 'n bomdreigement by 'n VKO-sentrum

4.6 'n Gesin wat nie die gesinslede se welsyn bevorder met betrekking tot hul psigososiale, emosionele, liggaamlike, geestelike en ekonomiese behoeftes nie, staan as 'n … gesin bekend.

4.7 Die waarskynlike gevolg van 'n gebrek aan suurstof.

4.8 'n Veltoestand wat veroorsaak word deur klein myte wat onder die vel ingrawe, wat 'n allergiese reaksie veroorsaak wat jeuk

4.9 Die versagting van beendere by kinders, wat tot breuke en misvorming kan lei

4.10 Die organisasie wat kinders teen geweld beskerm en kinderregte in Suid-Afrika bevorder

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Definieer die volgende terme:

5.1.1 Kinderverwaarlosing

5.1.2 Inklusiwiteit in onderwys

(2 × 2) (4)

5.2 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat daarop volg:

> Tembi woon in 'n onderontwikkelde gebied. Haar ma is MIV-positief en is werkloos. Sy sukkel om Tembi skool toe te stuur, want daar is nie geld vir vervoer, kos en klere nie. Tembi se pa is die verlede jaar oorlede aan 'n oordosis dwelms en het ook baie gedrink.

5.2.1 Verduidelik kortliks die faktore wat Tembi se versorging en welsyn bemoeilik. (5 × 2) (10)

5.2.2 Stel maniere voor waarop 'n VKO-sentrum ondervoede kinders by die sentrum kan help. (3 × 2) (6)

5.3 Verduidelik die term *emosionele mishandeling*. (3)

5.4 Noem DRIE toelae wat spesifiek op kinders gemik is. (3)

5.5 Wat sal jy in die bad sit om te verhoed dat 'n kind gly? (2)

5.6 Noem TWEE voorbeelde van stereotipering in 'n VKO-sentrum. (2)

[30]

VRAAG 6

6.1 6.1.1 Definieer die term *gesin.* (3)

6.1.2 Verduidelik wat 'n *gemengde gesin* is. (4)

6.1.3 Gee SES wenke aan gemengde gesinne om hulle te help met uitdagings. (6)

6.1.4 Noem SES soorte gesinne buiten 'n gemengde gesin. (6)

6.2 Emosionele behoeftes is die kern van 'n persoon se emosionele identiteit.

Hoe kan ons, as versorgers, 'n kind se emosionele sekuriteit ontwikkel? (3)

6.3 Noem VIER maniere waarop kultuur in die klaskamer bespreek kan word. (4)

6.4 Bespreek hoe MIV en vigs in 'n dagsorgsentrum hanteer moet word. (4)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

7.1 Verduidelik die stappe om vir 'n baba 'n skoon weggooibare doek aan te sit. (10)

7.2 Noem DRIE voordele van weggooibare doeke. (3)

7.3 7.3.1 Wat is die Pad na Gesondheid-boekie? (2)

7.3.2 Watter inligting kan in die Pad na Gesondheid-boekie gevind word? (4)

7.3.3 Hoekom is dit belangrik om 'n Pad na Gesondheid-boekie te hê? (2)

7.4 Beskryf VIER voorsorgmaatreëls wat getref kan word om die verspreiding van siektes in 'n dagsorgsentrum te beperk. (4 × 2) (8)

7.5 Noem EEN soort inenting wat by geboorte aan babas gegee word. (1)

[30]

VRAAG 8

8.1 Wat is 'n *gebalanseerde dieet*? (2)

8.2 Noem TWEE bronne vir die volgende kossoorte:

8.2.1 Vleisproteïen

8.2.2 Groenteproteïen

(2 × 2) (4)

8.3 Bespreek hoe ouers en versorgers maaltye meer aantreklik vir kinders in die vroeë jare kan maak. (4)

8.4 Gee en verduidelik TWEE idees om gesonde maaltye met jong kinders in die klas te maak of te bak. (4)

8.5 Noem VIER soorte gesonde versnaperinge vir 'n kind se kosblik. (4)

8.6 Behoorlike voeding in die kinderjare kan lewenslange eetgewoontes kweek wat tot kinders se algehele welsyn bydra.

Noem en beskryf TWEE soorte eetversteurings. (2 × 2) (4)

8.7 8.7.1 Sal jy sout by 'n kind se kos voeg? (1)

8.7.2 Verduidelik hoekom. (3)

8.8 Watter siekte is die gevolg van 'n tekort aan vitamien C? (1)

8.9 Hoekom is dit belangrik om ten minste agt glase water by jou daaglikse dieet in te sluit? (3)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9

Beantwoord die volgende vrae oor die noodhulpkissie en noodinstruksies:

9.1 9.1.1 Noem DRIE items in die noodhulpkissie wat vir wonde gebruik kan word. (3)

9.1.2 Wat is die naam van die dokument waarin 'n voorval of ongeluk opgeteken word? (1)

9.1.3 Hoe gee jy vir 'n kind medisyne? (4)

9.2 Definieer die term *ongeluk*. (2)

9.3 By Klein Bytjie Dagsorg help die kinders met die ontwikkeling van die groentetuin. Die kinders grawe, plant, haal onkruid uit en lei die groentetuin nat.

Veiligheid is baie belangrik by 'n dagsorgsentrum.

Hoe kan hierdie sentrum veiligheid in hierdie aktiwiteit verseker? (5 × 2) (10)

9.4 Skep 'n lys veiligheidsreëls vir die blokarea by Klein Bytjie Dagsorg. (5 × 2) (10)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou